# Die verbondsmatige kerkbeskouing van A D Pont

H J Botes
Naboomspruit

Abstract
The convenant view of the church by A D Pont

The close connection between convenant and church maintained by the leaders of the Reformation was adopted by Prof Pont. In this article a short introduction is given to the concept 'convenant'. Pont's view of the church in the light of the convenant is examined, and it is shown that this leads to a 'Volkskerk' view. Ultimately there seems to be a close connection between 'Volkskerk' and what is peculiar to the 'volk'.

## INLEIDING

Prof A D Pont se teologiese denkarbeid, verwoord deur sy vernuftige taalgebruik, word gekenmerk deur 'n dienende karakter ten behoewe van die kerk. In sy omvattende besinning oor die kerk in sy eeue-oue verbande en strukture, het hy immers die geheim van die kerk in die oog. Sy sterk gekonsentreerde denke oor die geskiedenis, lewe en werk van die kerk wys voortdurend heen na die wesenlike saak van die kerk – die saak van die Hoof van die kerk: Jesus Christus. Reeds tydens 'n Geloftediens in 1961 te Paardekraal verklaar hy:

> Jesus Christus is die begin en die einde. Hy is die middelpunt van die geskiedenis op aarde, ja, van heel die aarde, van tyd en ewigheid. Die kruis is die vervulling van die profesieë uit die Ou Testament, die kruis is die beginpunt van die nuwe, Christelike gemeente op aarde. Die pad van die mensdom op aarde wat net buite die paradys begin,

> loop uit op die kruis van Golgota. Vanaf Golgota loop die pad weer na die laaste einde van God toe.
>
> (Almanak 1963:37)

Vanuit hierdie perspektief dat Christus die Hoof van sy liggaam en dus die kerk is, beskryf Pont die ware kerk as 'kerk-van-die-verbond ook omdat die verbond die beskrywing is van die sentrale versoening tussen mens en God wat deur Jesus Christus bewerk is' (Pont sa[a]:2).

Dit staan dus buite kyf dat vir Pont Christus die enigste waarborg vir die heil van die mens is en nié die struktuur van die verbond nie. Hy huldig die opvatting dat die verbond 'n genadegawe van God is waardeur sy verhouding tot die mens gereël word. Dit kan dus beweer word dat die verbond vir Pont metaforiese betekenis het om die relasie 'God-mens' te beskryf.

Dit is dié verbondsmatige kerkbeskouing wat die ondersoeker dwing om te vra na die wortels van die verbond in samehang met die begrip 'kerk' binne die reformatoriese teologie waarvan Pont sy hele lewe lank 'n dankbare leerling was.

In sy nadenke oor die kerk impliseer Pont telkens dat die genadeverbond, waarvan die kinderdoop 'n teken is, die reële empiriese grondslag van die kerk is (Pont sa[a]:1). Dit veronderstel uiteraard 'n gelowige huisgesin verbonde aan 'n volk wat talle dinge in gemeen het.

Dit lei tot die vraag na die moontlikheid van 'n volkskerk – 'n begrip wat Pont op omvattende wyse ontgin het in die presisering van die kerkopvatting. Omdat daar geweldige uiteenlopende interprestasies is (dikwels uiters oppervlakkig) van wat die begrip 'volkskerk' inhou, is dit van groot belang om Pont se arbeid in dié opsig in berekening te bring. Skrywer wil ter aanvang in alle beskeidenheid erken dat dit 'n moeilike onderneming is om oor hierdie saak te besin vanweë die omvang van die onderwerp en die groot spankrag van Pont se gedagtes hieroor.

## SAAKLIKE OPMERKINGS OOR DIE VERBOND

Van Aarde (1984:1) stel die begrip 'verbond' as een van die belangrikste teologiese temas, indien nie die belangrikste nie. Hy wys voorts daarop dat, hoewel die saak debatteerbaar is, is die mees algemene Herbreeuse term hiervoor בְּרִית, terwyl διαθήκη die mees algemene Griekse ekwivalent daarvoor is. Die Hebreeuse woord בְּרִית en die Griekse woord διαθήκη (wat ook met 'testament' vertaal kan word) moet volgens Kittel se *Theologische Wörterbuch* (Behm 1968:134) verstaan word as 'die Verfügung Gottes, die machtvolle Kundgebung des souveränen Willens Gottes in der Geschichte, durch die er das Verhältnis zwischen sich und den Menschen gemäsz seiner Heilsabsicht gestaltet, die autoritative göttliche Verordnung (Stiftung),

die eine entsprechende Ordnung der Dinge herbeiführt'. Van dié opvatting van die verbond sê Van Ruler (1937:20): 'Dit is de volle schriftuurlijke, oud- en nieuw-testamentische zin van het verbond. God is ons vóór geweest. Hij heeft ons gevangen in de list van zijn genade.'

Met inagneming van die feit dat die verbondsbegrip in die Nuwe Testament in 'n eie bepaalde samehang gebruik word, staan dit vas dat die inhoud wat deur die Ou Testament aan die begrip 'verbond' gegee word deur die Nuwe Testament bevestig word. Dit is ook Pont se uitgangspunt dat die verbond in die Ou Testament in beginsel in die Nuwe Testament dieselfde bly, alhoewel die vorm waarin dit in die Nuwe Testament toegepas word, verander het. Hy wys in dié verband op Christus se woorde soos aangehaal deur Paulus in 1 Korintiërs 11:25: 'Dit is die nuwe verbond in my bloed,' – dan voeg hy daaraan toe 'dat ons hier met 'n nuwe bevestiging van die verbond te make het maar dat dit nie 'n vervanging van die bestaande verbond aandui nie' (Pont sa[b]:5).

Dit alles beteken dat Christus die middelpunt van die verbond is. Hy het God se heil aan die wêreld kom bekend maak. Met 'n daad het hy God en sondaar versoen.

Calvyn (1956:458) beklemtoon telkens dat Christus in der waarheid die fondament van die verbond is waarvan die Ou Testament praat. Dit is so, omdat die mens in die Ou Testament dieselfde dinge beloof word as wat in die Nuwe Testament deur Christus aangebied word.

Sedert die Kerhervorming is daar 'n duidelike verband gelê tussen verbond en sakramente. In sy *Taufsermon* (Nov 1519) bring Luther reeds die doop in relasie met die verbond. Hy verklaar daarin dat 'enerzijds God Zich in de doop aan ons verbind en met ons één wordt in een genadige en troostvol verbond en dat anderzijds wij ons verbinden tot een doden van de zonde en tot een vaste geloof in Gods heilzame verbintenis met ons' (Loonstra 1987:47).

Teen die einde van 1534 neem Zwingli se polemiek teen die ontkenning van die kinderdoop deur radikale in eie geledere 'n aanvang. Teen 1527 toon sy gedagte en nuansering van die doop 'n hoë mate van afgerondheid. In dieselfde jaar skryf hy in *In catabaptistarum strophas elenchus* die volgende: 'Door alle tijden heen is er maar één verbond geweest, dat reeds met Adam werd gesloten, en successievelijk met Noach, Abraham, het volk Israël en de gemeente van het NT vernieuwd. Verbond en testament vallen hier weer samen. De kern van dit verbond of testament is, dat de Allerhoogste onze God is, en dat wij zijn volk zijn' (Loonstra 1987:51-59). Dit is vir Zwingli die skakeling tussen kinderdoop en verbond.

Heinrich Bullinger, die opvolger van Zwingli, was van die begin af betrokke by die ontstaan van Zwingli se leer oor die verband tussen sakrament en verbond. Tog

het hy 'n ander opvatting van die verbond as Zwingli gehuldig. Vir Bullinger was die verbond 'n gemeenskaplike of bilaterale verbond tussen God en mens wat nie net God se beloftes bevat nie, maar ook bepaalde eise waaraan die mens moet voldoen.

Pont (1986a:15) wys egter daarop: 'Die bilaterale of voorwaardelike verbond het die gevaar dat dit die moontlikheid bevat om die sentrale reformatoriese leer van regverdiging deur die geloof alleen deur die genade alleen, te verswak.'

Hierdie Zürichse verbondsleer het deurgewerk na die ander hervormers, onder andere ook na Ursinus en Olevianus, die opstellers van die Heidelbergse Kategismus. In Sondagsafdeling 27, Vraag en Antwoord 74 van die Kategismus word eksplisiet gestel: 'Daarom moet hulle [kinders] ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf word en van die kinders van die ongelowiges onderskei word.' Hieruit is dit duidelik dat die sakramentsleer uitgewerk is teen die agtergrond van die leer van die verbond.

Aangesien vir die kerkvadere die verbond die essensiële struktuur van die genade is, die struktuur wat God geskep het en waardeur Hy die verbond tussen Homself en die mens geskep het, moet in die laaste instansie by hierdie saaklike opmerking oor die verbond gelet word op die verband tussen die verbond en predestinasie. Van Ruler (1937:21) laat geen moontlikheid toe vir 'n teëstelling tussen verbond en predestinasie nie:

> Gewoonlijk wordt het wel zoo opgevat. Dat het verbond en de praedestinatie elkaar's tegendeelen zijn. En men werk dat dan in de volgende tegenstellingen uit: het verbond is het algemeene, de praedestinatie is het bijsondere, het verbond betreft allen, de praedistinatie betreft enkelen; het verbond omvat het geheel, de praedestinatie omvat de enkelingen. Wanneer men met dese tegenstellingen begint, heeft dat dit onvermijdelyk gevolg, dat dan de verbondsgedachte in het felle licht van de aldus uitgewerkte praedestinatie idee op den duur verbleekt, als uitwendige verbond tegenover het inwendige verbond met de uitverkorenen komt te staan, en wordt tot een belachelijke schijn – vertooning van een niet-welgemeend genade-aanbod. Zoodra men een tegenstelling forceert tussen verbond en praedestinatie moet men tot dit resultaat komen.

Pont (sa[b]:8) waardeer die verbond as "n nadere omskrywing van die uitverkiesing'. Omdat vir Pont 'kerk' en 'verbond' korrelerende groothede is, is die uitverkiesing 'n uitverkiesing van die gemeente, die verbond. As die saak so gesien word, dan staan dit vas dat die mens enkel en alleen in Christus uitverkies word. Vir Pont is dit van

eminente belang om dié siening oor die verhouding 'verbond' en 'verkiesing' na te kom. Indien dit nie gebeur nie, verklaar hy,

> dan word die leer van die uitverkiesing 'n gegewenheid wat nie alleen die verbondsgedagte uithol nie, maar ook die opvatting oor die kerk, en óók die werk van Christus. Sodra 'n mens die leer van die uitverkiesing sien as individualistiese uitverkiesing waar die mens een-een uitverkies word, dan is ons besig om 'n vraagteken te stel oor die heil, die genade wat God in Christus aan ons gegee het. Ons moet bly vashou aan die evangeliese waarheid dat ons deur die dood en opstanding van Jesus Christus ingesluit word in God se genade en dat ons ons 'n staanplek gegee word op die vaste bodem van God se beloftes en eise. God se genade heers, regeer oor ons. Ons is in Christus uitverkies.

Die wyse waarop Pont die verbond en uitverkiesing saamvoeg, maak nie die uitverkiesing kragteloos nie. Volgens dié siening moet die verbond nie individualisties opgevat word nie, maar moet dit beskou word as 'n verklaring van die uitverkiesing.

## DIE KERK

Met die saaklike beskrywing van die term 'reformatoriese verbondsbeskouing' met enkele opmerkings oor Pont se opvattinge aangaande die onderwerp, kan vervolgens nou enkele gedagtes van Pont rondom die begrip 'kerk' belig word.

Dit is vanselfsprekend dat Pont se kerkbeskouing, teen die agtergrond van sy verbondsbeskouing, die klem sterk sal laat val op 'n gemeenskapsbenadering van die kerk rondom die Hoof en Heer van die kerk: 'Tussen Christus en dié wat aan Hom behoort [die kerk] bestaan daar 'n innige gemeenskapsband deur die geloof' (Pont 1984:45).

Die feit dat Pont die gemeenskapsidee van die kerk hoog waardeer, word gereflekteer deur sy konsekwente gebruik van die term 'priesterskap van die gelowige' teenoor die neo-Calvinistiese uitdrukking daarvoor, te wete 'amp van die gelowige'. 'Amp van die gelowige' laat die moontlikheid oop vir 'n beskouing van die individuele verantwoordelikheid van die lidmate afsonderlik. Pont onderskryf die Calvinistiese uitgangspunt dat die priesterskap van die gelowiges 'altyd 'n koöporatiewe priesterskap is wat bestaan omdat die gelowiges in die gemeenskap met Christus deel kry aan sy priesterskap' (Pont 1984:40). Hierdie priesterskap wat 'n geestelike voorreg is, is as sodanig 'n persoonlike (nié 'n individualistiese nie) roeping wat enersyds die gelowige toegang tot God gee en andersyds 'n verantwoordlikheid ten opsigte van die gemeenskap van gelowiges, die kerk, meebring. Volgens dié siening

blyk duidelik dat dit die kerk, die gelowige volk is wat gemeenskaplik saam die genade ontvang en as sodanig 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid besit.

Die rigtinggewende van die gemeenskap van die gelowiges is die Woord en sakramente wat gemeenskaplik ontvang word. Pont sê in dié verband dan ook: 'Aangesien die genadeverbond die empiriese grondslag van die kerk is, bepaal die doop die lidmaatskap van die kerk en in so 'n situasie word al die nadruk gelê op wat God gee' (Pont 1987a:39). Dit hou in dat die verbond van genade van God in Christus bepalend is vir die wese van die kerk. God se bemoeienis met die mens word tot uitdrukking gebring deur die Woord en sakramente wat die gemeenskaplike besit van die verbondsgemeenskap is.

Pont (sa[b]:5) omskrywe dit deur te sê: 'Verbond-kerk-gemeenskap hang met mekaar saam. Maar dan is die bepalende in dié denke die verbond.' In Christus is almal dus ingesluit in die verbond van die genade. Wat gelowiges in die verbond gemeenskaplik besit, is Jesus Christus en sy genade en nie primêr 'ons' geloof of 'ons' belydenis nie. Immers, die gelowiges kry almal deur die doop, die Nagmaal en die Woordverkondiging deel aan Jesus Christus en sy genade. Daarom is die kerk 'n gemeenskap van heiliges, omdat almal deel aan Christus het deur die sakramente en die Woord. God die Heilige Gees gebruik die sakramente om alles wat Christus vir sy eiendom verwerf het aan hulle gemeenskaplik te gee.

In die lig van wat tot dusver aangedui is, is dit duidelik dat Pont se denke oor 'kerk' en 'verbond' onontwykbaar moet uitloop op 'n volkskerkbeskouing, want: 'in de verbondsleer overheerst het gemeenschappelijke dermate, dat deze gemeenschap der genade bij voorkeur wordt uitgedrukt in de gemeenschap der natuur: "ik zal uwe God zijn, en uwen zade na u." Wanneer men segt: "de geloovigen en hun zaad," dan heeft men de volkskerk in kiem [Hoedemaker]' (Van Ruler 1937:32).

Pont (1990:5) verklaar in dié verband: 'As daar binne die ruimte van die calvinisme gepraat word van die volkskerk dan word in die eerste plek verwys na die kerk wat die genadeverbond as sy reële en empiriese grondslag het.'

Met die verbond as uitgangspunt in sy nadenke oor die kerk, verwys hy dan ook na die kerk van Christus as verbondskerk (Pont sa[b]:5). Hy beredeneer die saak nou verder deur daarop te wys dat die verbondskerk ook volkseie kan word omdat die bestaan van volke historiese werklikhede is. Die behoort tot 'n volk, volgens hom, is egter vir die gelowige nie die laaste vraag nie, maar die gehoorsaamheid aan God. As sodanig het die behoort aan 'n bepaalde volk nie absolute finale waarde nie, maar wel die behoort aan die volk-van-God, die verbondsvolk. Dus, dit gaan om die evangelie van Jesus Christus wat al die fasette van die lewe aanraak en omvorm tot die eer van God. Dit bring mee dat volgens dié siening die kerk nie alle lede van die volk hoef te omvat nie. Dit gaan in die verbondskerk onder 'n bepaal-

de volk (of deel van die volk) as volkskerk, om die gehoorsaamheid van die geloof onder heidene, ter wille van die naam van God (Pont 1986b:6). Die argument dat die verbondskerk ook volkseie kan word, open 'n interessante perspektief. As sodanig het dit implikasies vir die leer van die versoening, in dié sin dat die versoening nie die skepping van God ongedaan gemaak het nie, maar behou, gereinig en geheilig het. Anders gestel: Die versoeningswerk beteken die redding van mens en natuur. Dit dui alles daarop dat in die leer van die versoening die juridiese element van algenoegsaamheid nie opgegee mag word slegs ten behoewe van die mistieke nie. Pont se volstandige betoog dat die begrip 'volkskerk' binne die ruimte van die volk volks-eie kerk word, is hiermee in lyn.

Dit alles is duidelik hoekom Pont (1987a:38) die vrye kerk – wat dikwels teenoor die volkskerk aangedui word as die enigste regte verstaan van die kerk – beskou as 'n vrywillige vereniging, omdat die individu so swaar beklemtoon word (Pont 1987b:510). Die vrye kerkbeskouing bring ook uiteraard die doop in gedrang, want as die geloof van die individu die enigste voorwaarde vir toelating tot die kerk is, kan kinders van die gelowige ouers nie as lidmate van die kerk gereken word nie (Pont 1989:11). Dit as sodanig gaan teen die grein in van die verbondsgedagte.

Merkwaardig van Pont se besinning oor die volkskerk binne Suid-Afrikaanse konteks is dat hy die Bloedrivier-gelofte van 1838 en die Paardekraal-gelofte van 1880 in berekening bring om te peil op welke wyse die Afrikaner van die begin af die kerk in verhouding met die volk verstaan het. In dié opsig is Pont se denkarbeid rondom die onderhawige onderwerp uniek omdat geen ander teoloog tot dusver 'n verband tussen genoemde geloftes en die verstaan van die kerk gelê het nie. Hy stel: 'Die feit dat ons Afrikanervolk, naas sy geloof in God soos geopenbaar in die Heilige Skrif en in die Belydenisskrifte van die kerk wat die inhoud van daardie geloof onder woorde bring, nog 'n verdere binding besit en handhaaf, is van enorme betekenis. Dit is gebondenhede wat normaalweg nie in ons teologie verdiskonteer word nie. Dié verbondenhede is ons volksgeloftes van 1838 en van 1880' (Pont 1964:5).

Hy wys ook deurgaans daarop dat dié twee geloftes in 'n hoë mate uniek is in die geskiedenis van die Christelike volke op aarde.

Die feit dat die twee geloftes in die negentiende eeu ontstaan het, maak dit iets besonders. Die negentiende eeu is die eeu van die opkoms van die moderne teologie met die metodisme as teenreaksie. Juis in daardie tyd maak die Afrikanervolk geloftes aan God. Die feit dat die kerk in die dae van die Voortrekkers onder bepaalde omstandighede as rigtinggewend in die lewe van die volk opgetree het, is nie toevallig nie (Pont 1968:85). Geloftes wat met God aangegaan word, is slegs moontlik binne 'n besliste verbondsverhouding tussen God en mens.

In die nagaan van die historiese grondslae van die volkskerkbeskouiing, lewer Pont ook 'n besondere bydrae deur die eerste kerkhistorikus te wees wat wys op W à Brakel se direkte en vormgewende invloed op die Voortrekkers se kerklike denke. In dié verbond toon hy aan dat à Brakel beklemtoon het dat die verbond van die genade, waarvan die doop 'n teken is, die moontlikheid vir 'n gelofte skep waar die gelowiges hulleself tot gehoorsaamheid aan God verbind (Pont 1988:46).

Pont betoog dat dié verbondsmatige kerkopvattinge van die vadere deel is van ons historiese en reformatoriese erfenis. Volgens hom lê dit ingebed in die teokratiese visie wat die reformatoriese vadere ten opsigte van die samelewing gehad het en wat uit die kerkhervorming na vore kom (Pont sa[a]:3). Aldus Pont is dit die rede hoekom die Voortrekkers geen probleme gehad het met die beginsel van 'n Christelike owerheid nie.

## GEVOLGTREKKING

1. Vir Pont is die grondslag van die verbond Jesus Christus wat Hoof is van sy kerk.
2. Die verbond, waarvan die kinderdoop 'n teken is, is die reële empiriese grondslag van die kerk waarvan die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n openbaring is.
3. Pont se verbondsmatige kerkbeskrywing is 'n afgrensing teen die charismatiese groepe se verheerliking van die individu.
4. Die verbondmatige kerkbeskouing van Pont loop onvermydelik uit op die siening dat die kerk van die verbond, volkskerk is.
5. Die verbondsmatige kerkbegrip by Pont impliseer hoegenaamd nie 'n vorm van burgerlike godsdiens of rassisme soos soms kwaadwilliglik beweer word nie, maar wil duidelik stel dat die Nederduitsch Hervormde Kerk as onderdeel van God se volk binne die geledere van die Afrikanervolk, daarna streef om die volk met die evangelie te bedien.
6. In sy beredenering van die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk, doen Pont baanbrekerswerk deur te wys op die volkskerklike denke van die Voortrekkers, veral soos dit tot uitdrukking gekom het van die geloftes van 1838 en 1880.
7. Pont se nadenke oor die volkskerk het hom ook daartoe gebring om die oorsprong en teologiese fundering van die vrye kerk bloot te lê. Hy wys daarop dat laasgenoemde kerkbegrip se wortels in die leer van die anabaptiste en independentisme lê. In dié verband wys hy op die teenstellende teologiese uitgangspunte van 'volkskerk' versus 'vrye kerk'. By eersgenoemde is dit die genadeverbond terwyl dit by laasgenoemde die uitverkiesing is.

8. Wanneer Pont se leer in verband met 'n verbondsmatige kerkbeskouing nagegaan word, kom 'n mens sterk onder die indruk van die groot hoeveelheid dinkwerk wat hy rondom die tema gedoen het. Die tyd waarin die kerk hom tans bevind en dit wat voorsien word vir die toekoms maak die uitspraak van Van Ruler (in Balke 1990:229) dat 'de ene zichtbare kerk der toekoms zal volkskerk moeten zijn en dat in alle betekenissen die aan dit woord te hechten zijn', uiters relevant. In die lig hiervan, is Pont se bydrae oor die volkskerk, voortvloeiend uit sy Calvinistiese benadering, dat die verbond die empiriese grondslag van die kerk is, so waardevol. Sy behoorlike en tydige beklemtoning van hierdie beskouing van die kerk sal vir die kerk se lewe en werk vir die tyd in aantog nog tot groot seën wees.

**Literatuurverwysings:**


Balke, W 1990. De Kerk bij Hoedemaker, Gunning, Kramer en Van Ruler, in Van 't Spijker, W, Balke, W, Exalto, K & Van Driel, L (reds), *De Kerk*, 202-230. Kampen: De Groot Goudriaan.

Behm, J 1968. sv *diatheke*. ThW.

Calvyn, J 1956. *Institusie*, vol III. 4de uitg. Delft: W D Meinema.

Loonstra, B 1987. De historische wortels van de leer aangaande het verbond. *Teologia Reformata* 30, 46-64.

Pont, A D sa[a]. Stellings oor die volkskerk. Ongepubliseerde memorandum vir kommissie vir die gesprek met die susterskerke.

--- sa[b]. God en Volk of God en mens: 'n Voorlopige verkenning. Ongepubliseerde referaat.

--- 1963. Het boek van Gods Raadsbesluiten. *Almanak*, 34-40.

--- 1964. Die taak van die teologie. Kroniek. *Die Hervormer*, Feb 1964, bladsy 5.

--- 1968. Die Afrikaner en sy kerk. *Almanak*, 84-90.

--- 1984. Die priesteskap van die gelowiges en die ampte in die kerk. *HTS* 40, 47-55.

--- 1986a. Die kinderdoop en die verbond by die reformatore Zwingli en Bullinger: 'n Kort oorsig. *HTS* 40/3, 68 - 79.

--- 1986b. Kantaantekeninge by 'n studiestuk. *Leer en Lewenskewssies in Suid-Afrika* 10/1, 1-11.

--- 1987a. Die vrye kerk: Enkele opmerkings oor die herkoms en inhoud van die opvatting. *HTS* 43/1 & 2, 25-46.

--- 1987b. Die betekenis van Abraham Kuyper (1837-1920) vir Suid-Afrika op kerkhistoriese en kerkregtelike gebied. *HTS* 43/3, 506-521.

Pont, A D 1988. *Die Gelofte van 1838*. Pretoria: KITAL.

--- 1989. Die volkskerk. *Leer- en Lewenskwessies in Suid-Afrika* 12/4, 5-16.

--- 1990. Die kerk as volkskerk. Referaat: Kongres AGB.

Van Aarde, A G 1984. Die 'verbondstruktuur' in die Nuwe Testament: 'n Terreinverkenning met die oog op die debat oor die verhouding kinderdoop-Verbond. Referaat: Simposium Doop en Verbond.

Van Ruler, A A 1937. Kerk en verbond. *Onder Eigen Vaandel* 12, 13-32.